# MODEL EN WERKWYSE BY LITERATUURONDERSOEK - BEREDENEER EN TOEGEPAS OP *DRIE KAALKOPPE EET TESAME* (Jan Rabie)

Prof. D.H. Steenberg

*ABSTRACT*

*The point is made unequivocally that a scientist cannot work with a model and a method of science uncritically derived from somebody else.*

*Method, it is stated, involves the following components and stages: the researcher; a problem area; systematic reflection about the method to be used; application of method; testing, evaluation and systematization of insights obtained; application of these insights.*

*Intuitive scientific practice is not possible any more, thus real and careful reflection about method is essential. Linked to a graphic representation of a model, the author explicates various levels: the macro-perspective, the meso-perspective and the micro-perspective. The issue of context also enters into the picture - one distinguishes between a meso-context and a micro-context. Following a discussion of the value of a scientific model, the author goes on to outline a prose reception model, with diagram added, before analysing a short story by Jan Rabie, "Drie kaalkoppe eet tesame" by way of the behaviour of pronouns in the story. The structuring of components on the meso-level is also investigated before attention is directed at the external context of the artefact (text).*

## METODE EN TRADISIE

Om nie te besin oor die metodologie van sy wetenskap nie, beteken vir 'n wetenskaplike of 'n geslag wetenskaplikes

dat die wetenskapsbeskouing en metode uit ʼn ander ideologiese of tydkonteks onbevraagteken oorgeneem word. Daarom is dit noodsaaklik dat elke wetenskaplike, ook die literatuurwetenskaplike, vrae sal vra oor die begronding van die metode wat sy wetenskapsbeoefening ten grondslag lê.

Metode kan geformuleer word as die werkwyse van ʼn wetenskaplike om vanuit ʼn bepaalde vertrekpunt ʼn bepaalde wetenskaplike doel te bereik. Dit stem ooreen met die etimologie van die woord 'metode', wat ontleen is aan die Grieks *odos* (navolging) en *metergomoi* (mik na). Metode het verband met die volgende betrokkenes, komponente en stadia by en van ʼn navorsingsaksie:

* kensubjek (die navorser met sy besondere wetenskaplike toerusting, waarvan metode ʼn deel vorm);
* ʼn probleemgegewe in ʼn bepaalde veld van ondersoek;
* sistematiese besinning oor ʼn werkwyse om die insig te verkry in die probleem: vertrekpunt, ondersoekproses, doel;
* toepassing van metode: sistematiese handelwyse om doel te bereik;
* toetsing, evaluering en sistematisering van insigte;
* ontginning en aanwending van insigte.

Benewens die feit dat intuïtiewe beoefening van die wetenskap skaars nog moontlik is in ʼn tyd soos ons s'n, waarin die werklikheid as ingewikkeld beskou word en die woordkuns dienooreenkomstig ook ingewikkeld is, kom intuïtiewe wetenskapsbeoefening neer op ʼn eenmetodebenadering, en is ʼn intuïtiewe metode moeilik oordraagbaar. Besinning oor metode maak wetenskaplike toerusting dus aanpasbaar en oordraagbaar.

## WETENSKAPSMODEL

Vir die doel van hierdie besinning oor literêre metodologie word die wetenskapsmodel wat deur B. Duvenage (1981)

ontwikkel is, aangepas vir benadering van die letterkunde. Dit is 'n kontekstuele model wat uitgaan van 'n spektrum van perspektiewe wat relevant is vir die beoefening van die besondere wetenskap, in hierdie geval die literatuurwetenskap, soos grafies voorgestel in figuur 1.

Perspektiewe


Hierdie subjekgeoriënteerde wetenskapsmodel poneer drie perspektiewe van die kensubjek (navorser) op die werklikheid: 'n makroperspektief, dit wil sê 'n oorkoepelende ideële kyk op die werklikheid en wat die wetenskaplike se hele benadering van die werklikheid kleur; 'n meso- of middelperspektief, waarvolgens die kensubjek in ooreenstemming met sy makroperspektief 'n bepaalde teoretiese uitgangspunt aanvaar, en 'n mikroperspektief of objekgesentreerde perspektief.

*Makroperspektief*

Hierdie wetenskapsmodel sluit aan by die Wysbegeerte van die Welsidee van Herman Dooyeweerd (1955: 4), wat die Kosmos in die lig van die Skrif sien as 'n gebroke verskeidenheid van eng verweefde, interafhanklike modale aspekte, wat elk sy spesifieke soewereiniteit in 'n temporele, relatiewe samehang van betekenis vind, met ander woorde dat alle kennisterreine waarmee die mens gekonfronteer word, eers saam betekenis kan hê in 'n transendentale idee, wat vir die Christen op Godsopenbaring berus. 'n Belangrike voorwaarde vir wetenskapsbeoefening is dat hierdie modale aspekte of wetskringe van die temporele werklikheid korreleer met terreine van die menslike ervaring, elk met sy eie betekeniskern. Alleen in die mate waarin hierdie korrelasie bestaan, kan die mens, in besonder die navorser, kragtens die roeping wat hy ontvang het, onder andere deur ingebore vermoëns en gevonde geleenthede, insig verwerf in die ervaringsfeer waarop hy met sy talente aangewys is. Vir mense met aanleg vir die taal en die

kuns, kreatief (kleiner in getal) sowel as reseptief (baie meer in getal), is die aangewese aspek van die werklikheid om te ontgin, die woordkuns, dit wil sê die werklikheidsterrein waar die linguale en die estetiese kringe oorvleuel.

FIGUUR 1



Die kriteria waarvolgens Dooyeweerd die interafhanklike en verweefde modale aspekte van die werklikheid van mekaar onderskei, word hier tersyde gelaat, en so ook die norme vir elke wetskring. Wat hier wel van belang is, is sy ponering van harmonie as die betekeniskern van die estetiese (Dooyeweerd 1955: 128). Vir die ervare, toegeruste kensubjek op die terrein van die woordkuns, naamlik die literatuurwetenskaplike, is die basis van hierdie harmonie die harmoniese eenheid tussen woord en ervaring, tot stand gebring deur 'n outeur wat 'n eenheid is van verstand, wil gevoel en religieuse gerigtheid - met die oog op resepsie deur 'n soortgelyke leser. Vir benadering van die woordkuns en die literatuurwetenskap is dit van belang dat die moontlikheid om die woordkuns te geniet 'n universele verskynsel is, en dus ontwikkel kan word, byvoorbeeld in 'n onderrigsituasie.

*Mesoperspektief*

Waar die makroperspektief 'n filosofiese ingesteldheid is, is die mesoperspektief 'n literêr teoretiese ingesteldheid wat daaruit voortvloei. Die moderne literatuurwetenskap kan profiteer van die dwalinge en winste van 'n verskeidenheid teorieë wat elk een of ander waarheidsmoment bevat, en - hoewel meesal eensydig en beperk - in die geskiedenis van die besondere wetenskap as uitgangspunt vir 'n wetenskapsbeoefening gegeld het. Die literatuurwetenskap toon in hierdie opsig 'n duidelike ontwikkeling van die Aristoteleaanse mimesisteorie na die creatioteorie, die vrugbaarder formalisme en uiteindelik na die strukturalisme en die resepsionisme, wat, ten spyte van onontbeerlike nuwe insigte, tog weer die gevaar van 'n nuwe eensydigheid inhou. Die resepsie-estetika het egter die sleutel geword waarin literatuurwetenskaplikes tans hulle bevindinge maak en uitdruk. Die aanvaarbaarste teoretiese beleid is om die beste insigte van bekende teorieë binne die kader van die makroperspektief van jou eie gekose model te betrek en, indien nie in 'n wydaanvaarde jargon nie, dan tog in gemotiveerde terminologie

te hanteer.

*Mikroperspektief*

Dit is die vlak waarop die insig van die wetenskaplike ondersoeker in sy objek eerstens berus. In die literatuurwetenskap is hierdie objek die literêre kommunikasieketting waarvan die literêre teks of artefakt die kern vorm. Uit reseptiewe oogpunt gesien kry die kunswerk eers volledig in die ervaring van die leser gestalte as noodwendige korrelaat (harmoniese eenheid) van taalgegewe en (oorspronklike) werklikheidsinsig. Hierdie kommunikasieketting tussen outeur (sender) en leser (ontvanger) kan uitgedruk word in 'n generatiewe model (uit die oogpunt van die voortbrenging deur die outeur) of resepsiemodel (uit die oogpunt van die leser) afhangende vanuit watter oogpunt die kunswerk benader word. Vanuit 'n subjeksbenadering of lesersperspektief op die kunswerk is dit logies om 'n resepsiemodel daarvan te ontwerp.

Kontekste

In ons tyd is dit ondenkbaar dat 'n wetenskap in isolasie bedryf word. Ook die literatuurwetenskaplike wat 'n Christelike wetenskaplike benadering nastreef, beoefen sy wetenskap binne 'n Christelike wetenskaplike gemeenskap. Prakties impliseer dit samewerking met ander wetenskaplikes om raakpunte tussen wetenskappe te identifiseer en kennis uit te ruil in verband met wetenskaplike metode en kommunikasie (hoe om navorsingsresultate aan mekaar en na buite beskikbaar te stel).

*Mesokonteks*

Die literatuurwetenskap word begrens deur ander wetenskappe soos die taalwetenskap, sosiale wetenskappe, die semiotiek as deelwetenskap en ander kunswetenskappe, waarmee die literatuurwetenskap in mindere of meerdere mate moet

rekening hou en nuttig gebruik maak, soos met die benadering van die woord in hierdie stuk geïllustreer word.

*Mikrokonteks*

Op die mikrovlak van wetenskaplike arbeid is die navorser as kensubjek met sy wetenskaplike toerusting (soos uiteengesit in figuur 1) gerig op die data uit sy veld van ondersoek: die literêre werk soos dit voortgebring word deur die outeur en mede-vergestalt word deur die leser by resepsie, met inagneming van die interne en eksterne konteks daarvan, naamlik die kulturele konteks oor die algemeen en ook die genologiese en tipologiese konteks. Hiervandaan verwerk die literatuurondersoeker die data tot geïntegreerde insig, evalueer die kunswerk, open die onderskeie moontlikhede daarvan en omlyn sy insigte aan die gemeenskap van wetenskaplikes en, indien moontlik aan die gewone gemeenskap as geheel.

Waarde van 'n wetenskapsmodel?

Met so 'n wetenskapsmodel is die aannames, waarsonder geen wetenskaplike arbeid kan geskied nie, vanuit die benadering van die wetenskaplike gesistematiseer. Dit maak nie alleen die insigte van die beoefenaar oordraagbaar nie maar verskaf ook 'n geheelbeeld van hierdie insigte, sodat die wetenskaplike, ook wanneer hy slegs 'n enkele aspek van sy veld van ondersoek bestudeer en slegs 'n onderdeel van sy metode in werking stel, steeds die rigtinggewende duidelikheid van die geheelbeeld kan sien.

PROSARESEPSIEMODEL

Figuur 2 is 'n uiteensetting van 'n prosawerk gesien vanuit die oogpunt van die leser, dus 'n prosaresepsiemodel. Dit wil 'n voorstelling gee van hoe die ingeligte leser via die taalmedium op mikrovlak (woord, metafoor, motief, simbool, sin) komponente van die woordkunswerk uit die


teks as artefakt konstrueer tot wêreld, gedra deur die taalmedium en deurstraal deur die visie van die abstrakte outeur. Die model wil grafies voorstel dat die woord en sy moontlikhede tot in die fynste besonderhede van die mikrovlak van die kunswerk die invalspoort is vir alles wat by die leser opgeroep word en dus die basis vorm van die literêre kommunikasie tussen die implisiete outeur as organiserende instansie by die voortbring van die teks met die oog op resepsie deur die implisiete leser. Vir hierdie doel skep die outeur die vertelinstansie, wat ook 'n personasie in die werk kan wees. Die wêreld van die prosawerk, die som van die komponente (tyd, ruimte, fabel/sujet en personasies) bevat 'n basis waarop die kunswerk as woordwêreld op grond van ooreenstemming met die werklikheid wat die leser ken, daarna verwys en dit moontlik maak dat die leser op die kunswerk kan reageer. Die mees abstrakte aspek van die kunswerk lê op die makrovlak of ideële vlak van die moeilik agterhaalbare visie van die abstrakte outeur.

## DEELONDERSOEK NA DIE NAAMWOORDGEDRAG IN 'N RABIE-VERHAAL: "DRIE KAALKOPPE EET TESAME"

Hoewel hierdie kortverhaal 'n ingewikkelde geheel is, kondig die titel daarvan 'n sleutelaspek aan, wat lig werp op die naamwoordgedrag in die verhaal. Dit lê opgesluit in die woord "kaalkoppe", met die betekenis 'mense met kaalkoppe', wat dus sinekdogeies verwys (Gr. *syn* + *ekdokhē* = saam opneem), deur middel van 'n gedeelte na 'n geheel verwys - 'n soort metonimie (naamverwisseling). Deur met 'n woord vir 'n deel na die geheel te verwys, word 'n struktuurprinsipe van ontleding of afbraak in die titel, wat beskou kan word as die implisiete outeur se kernagtige samevatting van die verhaal, aangekondig.

Die verhaal begin met uiterste teenstellings van 'n sinekdogeïese uiting in 'n versamelwoord "drie-eenheid" en 'n woord met

FIGUUR 2


PROSARESEPSIEMODEL
Biografiese Outeur
(Kompetensie)
Implisiete outeur
Visie van
abstrakte outeur
MAKROVLAK
IDEE
Tema
WÊRELD
WÊRELD
WÊRELD
WÊRELD
TYDRUIMTE
FABEL
VERTELDE TYD
SUJET
VERTELTYD
MESOVLAK
Verwysing
PERSONA
PERSPEKTIEF
VERTELLER
WOORD
SIN
MOTIEF
SIMBOOL
MIKROVLAK
TAALMEDIUM
Implisiete leser
KS
Naïewe leser
Ingeligte leser

sirkulêre konnotasie "rondom" (reël 1).*

"Drie-eenheid" herhaal "drie" en "tesame" in die titel, in ooreenstemming met die aandmaaltydsituasie. Hierdie metaforiek het ʼn belangrike implikasie vir die verhaal. Die versamelbeeld "drie-eenheid", gebruik met getalsbetekenis, "drie", dra die konnotasie van "groter eenheid", selfs "heilige eenheid" of "heilige drie". Daarteenoor word "kaalkoppe" en sy sinonieme tien keer in die verhaal herhaal en eindig die verhaal met die pejoratiewe metafoor "soos verrotte pampoene" daarvoor (r. 40). Na hierdie voorlopige verkenning van die verhaal uit hierdie oogpunt, kan nou woorddata uit hierdie oogpunt uit die teks versamel word. Onderstaande tabel dui die afbraak van die kaalkoppe teenoor die naamwoorde vir die ander mense en die kelnerfiguur aan:

| Reëlnr. | Kaalkoppe | Ander |
|---|---|---|
| 1. | Drie-eenheid kaalkoppe | |
| | kaal krone | |
| | eierdoppe (metafoor) | |
| | monsteragtige misge-<br>boortes (metafoor) | |
| | drillende wange | |
| | monde, verdwergde beentjies | |
| 5. | veelvoudige kenne | kelner |
| | monde wat oopgaap | |
| | bolagtige neuse, oë | |
| 8. | voue van wange | |
| 10. | (kliënte) | ander mense |
| | drie kaalkoppe | |
| | drie eters | |
| 15. | drie kaalkoppe | |
| | vliegende hande | |
| | monde | menslike vorms<br>arms, bene,<br>borste, kinder-<br>hofie |

* Reëlnommers verwys na De Vries, A.H. 1980. Die Afrikaanse Kortverhaalboek. Kaapstad: Human en Rousseau, pp. 65-66.

| | |
|---|---|
| drie kaalkoppe | |
| wange | |
| monde | stukke mensvlees |
| drie kaalkoppe | |
| oë | kring toeskouers |
| een kaalkop | jong meisie lid van lid |
| twee kaalkop | boonste helfte van 'n man |
| derde (kaalkop) | |
| mond | skreeuende vrouehoof |
| | restaurant (metonimie) |
| | toeskouers |
| drie kaalkoppe | |
| hande vlieg | |
| kwylende monde | |
| oë | |
| bulte van wange | borde vleis |
| | kelner |
| eie vingers | |
| stukkie uit mekaar se lywe | |
| liggame | |
| warreling van monde | |
| drie kaalkoppe glimwit | |
| doppe oopgekraakte eiers (metafoor) | |
| drie verrotte pampoene (metafoor) | die kelner |

Die gebruik van naamwoorde wat hier uit die teks gelig is, gee 'n beeld van die aftakeling van die mens wat in die verhaal verwoord word. Cloete (1980) se opmerking oor 'n 'kristallisering' en ook oor die kortheid van die verhaal klop hiermee. Fyner besonderhede oor die vergestalting van afbraak in die woord verdien nog aandag:

In die metafoor "soos drie verrotte pampoene" lê die afbraak in die verlaging van bestaansvlak in die woord, van die menslike na die dierlike ("doppe oopgekraakte eiers") en uiteindelik na die plantaardige, en inderdaad ironies vergane ("verrotte") vrug (pampoen).

Die groteske spel met deelnaamwoorde wat dui op ondergang en vernietiging word kunstig versterk met moontlikhede wat die taal bied:

In die woordgroep "verdwergde beentjies" word verkleining met groteske effek naas die hiperboliese woordgebruik in "monsteragtige misgeboortes van drillende wange en monde" (r. 5,6) gebruik. Die hiperboliese woorgebruik in die groteske metafoor "monsteragtige misgeboortes" word gerugsteun deur alliterasie.

Effektiewe kontraswerking vind verder plaas deur die onaangeraaktheid van die kelnerfiguur teenoor die aftakeling van die oorspronklike "kaalkoppe" tot die verletterlikte gebruik van die woord vir die oorblyfsels wat die kelner seëvierend in die vullisblik gooi en die afbraak in eksplisiete meedeling en die naamwoordgebruik in die verhaal voltrek word.

Te midde van die afbraak is daar voortdurend 'n kontrasterende sirkelmotief aanwesig, wat die negatiewe van die afbraak effens demp met 'n heelheidsimbool. Dit lê versteek in die rondheid van "krone", "eierdoppe", "bolagtige neuse", totdat "kring toeskouers" in reël 26 'n duidelike kontras met die aftakelende eters vorm. Pas daarna begin die aftakeling van die heel kring toeskouers egter ook, soos blyk uit woordgroepe soos "skeur haar lid van lid" (r. 29) en "boonste helfte van 'n man". Uiteindelik word die "eierdop"-metafoor van reël 2 voltooi in die gebroke rondheid van die eiermetafoor van reël 40: "kaalkoppe ... soos doppe van oopgekraakte eiers". Die aftakeling word ook oorgedra op die ruimte, soos gemanifesteer in die enigste

omkering van die woordvormingstegniek deur die implisiete outeur in die metonimiese gebruik van die omvattende vir die inhoud in "die restaurant loop leeg" (r. 32).

Strukturering van komponente op die mesovlak

Om die woordgedrag tot sy reg te laat kom binne die kommunikatiewe ketting van hierdie kortverhaal, moet verder gelet word op die interne en later die eksterne konteks van die verhaal.

Die wêreld wat deur die samehangende aanwending van die woord by die leser opgeroep word, berus op die gekonsipieerde personasies wat handel binne die kousale orde van 'n fabel binne 'n sekere tydruimte in 'n sekere tydorde gerapporteer vanuit 'n manipulerende perspektief. Die drie kaalkoppe in die verhaal is na die tradisie van die kortverhaal eensydig gebeeld, insoverre hulle perspektiwies verwring word tot koppe met verdwergde beentjies, vliegende hande, gapende monde en 'n liggaamsbou wat getuig van voortdurende oorvoeding (hulle oe verdwyn in die voue van hulle wange). 'n Sterk kontras met hulle word geskep in die lang skraal, dun (honger?) swyende kelner in sy swart aandpak. Ten spyte daarvan dat die kelner uiteindelik seëvier en daar aanduidings is dat ook hy sy gewone aktiwiteit voortsit, val 'n sterk fokus op die kaalkoppe, soos blyk uit hulle vermelding in die titel, dat die verteller meer oor hulle rapporteer en dat hulle die figure is wat die meeste ontwikkeling toon en genuanseerd aangebied word, en wie se lotgevalle tot die tragiese einde gerapporteer word. Daarteenoor is daar beperkte vermelding van die kelner en gebrek aan nuanses by hom as hulle teenspeler. Die fabel van die vernietigende eetmaal verloop streng kousaal op surreële vlak en word streng chronologies aangebied om die effek van 'n onontkombare noodwendige afloop van so 'n allesoorheersende vraatsug by die eters te skep. Deur die surreële aanbod en die absurditeit van die handeling van die kaalkoppe word die leser gemanipuleer om die

verhaal allegories te lees. Dus: die kaalkoppe is simboliese persone, en die eethandeling is estetiese korrelaat van 'n ooreenstemmende handelingsituasie in die werklikheid, waarna die verhaal verwys. Tydruimtelik is die eethandeling gesitueer in 'n klaarblyklik openbare restaurant, waarskynlik in die aand, te oordeel aan die vermelding van ligte in die eerste reël, en die vermelding van die aandpak van die kelner. Verdere objektiewe tydverwysings ontbreek; "die volgende dag se maal" (in die slotreël kwalifiseer nie die aandsituasie van die maaltyd nie maar kan ook bloot 'n herhaling van die gebeelde swelgery aandui.

In ooreenstemming met die afsydige houding van die verteller, wat die duidelikste blyk uit die metafore, byvoorbeeld "eierdoppe, oopgekraak tot misgeboortes" wat vir die kaalkoppe gebruik word, getuig die perspektief van die derdepersoonverteller van 'n distansiëring tussen verteller en objek. Die kaalkoppe word oral van buite beskou en na hulle voorkoms beskryf en uiterlike handeling, soos dat hulle "kwylend van ongeduld" (r. 16) is teenoor die toeskouers, wat in afgryse vlug. Die verteller dring nie deur tot méér as hulle klaarblyklike honger en vraatsug as motivering vir hulle geobsedeerde optrede nie - 'n distansiëring wat korreleer met die eensydigheid van hierdie figure.

Eksterne konteks van die artefakt (teks)

"Drie kaalkoppe eet tesame" verskyn die eerste keer in die bundel *21* in 1956. Ook al uit die datering van die teks van sy roman *Mens-alleen* met die datums 1950-1955 en Parys as die plek van ontstaan, gee Jan Rabie te kenne dat hy in hierdie vyf jaar in 'n Europese situasie, dié van Europa van die Tweede Wêreldoorlog, geskryf het. Met die titel van sy tweede bundel kortverhale, naamlik *Dakkamer en agterplaas* (1957) waarin soortgelyke verhale as in *21* opgeneem is, verwys hy klaarblyklik biografies na 'n dakkamerverblyf waar die verhale ontstaan het.

Tipologies stem "Drie kaalkoppe eet tesame" ooreen met die werk van die surrealiste, wat na die verwoesting van Wêreldoorlog 1 hulle toevlug tot die irrasionele in die kuns neem in reaksie op die menseslagting wat deur die maghebbers, wat oor die lot van miljoene mense beskik het, veroorsaak en deur God toegelaat is.

Dat die verhaal in Afrikaans in die vyftigerjare geskryf is en dat hier na "drie-eenheid" verwys word, impliseer 'n leser uit die Christelike kultuur, waarin aandmaaltyd binne godsdienstige konteks 'n betekenisvolle rituele geleentheid is.

**Interpretasie**

Omdat dit nie die werkwyse van die woordkuns, altans dié van hoë gehalte, is om eensydig te 'sê' nie, kan 'n interpretasie van 'n woordkunswerk net interpretasiemoontlikhede blootlê. In hierdie geval moet die ingeligte leser let op die volgende wysers in die kommunikasieketting (narratiewe diskoers) van die verhaal:

* Die aanbod van variasie-en-patroon van die vergestalting van afbraak in die woordgedrag van die verhaal deur die effektiewe aanwending van strategiese middele.
* Die wêreld wat tot stand gebring word deur die samehang van die verskillende komponente van die verhaal.

Die paradoksale metafoor "drie-eenheid kaalkoppe" (r. 1), met sy kontras tussen versamelwoord en sinekdogee vir die figure wie se groteske eetmaal die kernverloop van die verhaal vorm, verskaf 'n sleutel vir die vertolking van die verhaal teen die agtergrond van die kulturele konteks van die artefakt, soos reeds aangedui. Gesien in die lig daarvan dat die kaalkoppe oor die lot van die mense en uiteindelik ook van mekaar beskik, gee aan "koppe" as kernagtige, 'gekristaliseerde' woord die moontlikheid om 'n wyer reeks betekenisvelde te dra. Dit maak die

interpretasiesprong van "koppe" na "hoofde" (maghebbers, leiers) en/of "intelligentsia" binne die verhaalsamehang en teen die agtergrond van sy eksterne konteks moontlik. In ooreenstemming met hierdie allegoriese interpretasie, sou hulle "vratige" "wellus" (r. 8, 21) die semantiese waarde van 'hebsug', 'magswellus' kon kry. Die beskrywing van hierdie figure met die metafoor "drie-eenheid" kan dan dui op selfvergoddeliking of verabsolutering van die rede (verstand). die selfvernietiging en ondergang van hierdie 'gode' saam met hulle slagoffers kan dan die tragiese gevolg wees van die openbare euwel van magsmisbruik, geïnstigeer deur die swyende "kelner". Cloete (1980) plaas hierdie figuur binne die tradisie van demoniese figure in die letterkunde.

So 'n vertolking van die verhaal het inderdaad implikasie vir die makrovlak van die verhaal. As die tema gesien word as selfvergoddeliking of magsmisbruik of as die ondergang van die Westerse (Christelike?) beskawing, bied die aftakeling van die drie-eenheid die moontlikheid om vertolk te word as die aftakeling van die heersersfigure aan wie assosiasie met die Christelike, met die Christendom geheg word; dus by implikasie met die aftakeling van die Godsbeeld in na-oorlogse bedeling. Van die ander kant bekyk, roep die swyende kelnerfiguur die beeld op van die toelaat van vernietigende magte om die mens ten gronde te rig in die afwesigheid van die bewarende God. Ten spyte van die oopslaan van die moontlike wat hier aangedui is, is 'n meer onuitwisbare beeld van die noodlottigheid van die afgrond van die vernietigings- en selfvernietigingsneiging by die mens, wat by die leser opgeroep word.

TERUGBLIK

Die bedoeling was om vanuit die noukeurige ontleding van 'n enkele aspek van die gekose verhaal ander aspekte van die verhaal meer terloops te betrek en so tot 'n geheelbeeld van die betrokke woordkunswerk te kom. Daarlangs moes

die geheelbeeld van beide wetenskapsmodel en prosaresepsiemodel geplaas word om te illustreer watter waarde dit kan hê om 'n raamwerk van 'n wetenskapsmodel en 'n raamwerk van die model van abstrakte kenmerke wat 'n genre, poësie, drama maar in hierdie geval epiek, werklik is, by wetenskaplike ondersoek byderhand te hê. Dit moes ook die verband tussen filosofie, in die besonder wetenskapsfilosofie, vakwetenskap en veld van ondersoek, met ander woorde die kunswerk as werklikheid, vanuit literêre oogpunt illustreer.

## BIBLIOGRAFIE


CLOETE, T.T. 1980. Gekristalliseerde verhaal: Rabie se *Drie kaalkoppe eet tesame. Tydskrif vir letterkunde* 18 (2): 42-48, Mei.

DOOYEWEERD, H. 1955. A new critique of theoretical thought. Amsterdam, Paris.

DUVENAGE, B. 1981. Roeping en wetenskap. Potchefstroom: Pro Rege.